higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5050022)

7 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

090Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n term uit KOLOM A om by ’n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Oksipitale lob	A	beïnvloed albei kante van die brein
1.2	Pariëtale lob	B	sel of groep selle wat inligting uit stimuli ontvang
1.3	Neurone	C	gedeelte van brein wat kleurpatrone herken
1.4	Reseptor	D	skade aan hierdie gedeelte van die brein kan lei tot probleme om boodskappe van die sintuie te ontvang
1.5	Bilaterale	E	senuweeselle
1.6	Temporale lob	F	skade aan hierdie gedeelte van die brein sal verlies van insig en vooruitsiening tot gevolg hê
1.7	Fetale	G	help ’n persoon om gesigte te herken
1.8	Frontale lobbe	H	die korteks van die brein ontwikkel baie vinnig tydens hierdie fase van ontwikkeling
1.9	Talamus	I	die middellyn bo die breinstam onder die serebellum
1.10	Neurotransmitter	J	’n chemikalie wat boodskappe tussen verskillende senuweeselle dra

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 (Kurrikulum/Pedagogie) is die vakke waaruit ’n studiekursus bestaan wat deur ’n skool of kollege onderrig word.

2.2 (Opleiding/Opvoeding) hou verband met die voorbereiding van mense om in ’n werksplek te funksioneer.

2.3 (Nabetragting/Toepassing) is die proses waarvolgens ’n mens terugkyk op jou daaglikse aktiwiteite en nadink hoe jy in die toekoms op jou vorige handelinge kan verbeter.

2.4 (Taksonomieë/Sterk punte) in onderwys verwys na klassifikasiestelsels wat ons in staat stel om vaardighede te ontwikkel.

2.5 (Kognitiewe/Emosionele) intelligensie is die vermoë om jou eie emosies en dié van andere te verstaan.

2.6 In elke samelewing en gemeenskap word vaardighede van een (geslag/ekologie) na die volgende oorgedra.

2.7 (Maslow/Bronfenbrenner) het geglo dat tegnologie ons samelewing verander.

2.8 Die proses waarvolgens armes uitgesluit word uit die hoofstroom-ekonomiese, maatskaplike en politieke lewe staan bekend as (sosiale uitsluiting/sosiale insluiting).

2.9 (Ingeligte/Inherente) toestemming gee jou toestemming vir iets wat sal gebeur.

2.10 Die vroegste mense na ons wete wat in SA gewoon het, was die (Nguni/Khoisan).

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

af te skaf; 1922; kolonisering; 1920; Industriële; artefakte; ombudspersoon; omgewing; art deco; beveg; ontneem; demensie

3.1 ’n Land wat hul burgers na ’n gebied stuur om hulle daar te vestig en politieke beheer daaroor uit te oefen.

3.2 Wapens en gereedskap wat in die verlede gemaak is en wat histories belangrik is.

3.3 Toe die Britte nuwe regulasies in die Kaapkolonie afgekondig het, byvoorbeeld om slawerny ..., het dit ontevredenheid onder die kolonie se wit inwoners veroorsaak.

Kopiereg voorbehou

3.4 In ... het wit mynwerkers in die gewapende Randse Rebellie gestaak.

3.5 Die ... Revolusie het met die uitvinding van die spinwiel begin.

3.6 ’n Neutrale persoon wat verantwoordelik is vir die ondersoek na en beslegting van klagtes.

3.7 Die ... speel ’n baie belangrike rol in hoe mense ontwikkel.

3.8 Die Departement van Maatskaplike Dienste bevorder kommunikasie en ... bedrog met die uitbetaling van toelaes.

3.9 Geen burger mag van sy/haar burgerskap ... word nie.

3.10 Siekte wat die brein en geheue aantas en daartoe lei dat jy geleidelik die vermoë verloor om normaal te dink en op te tree.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Die skool van die lewe onderrig en lei mense daagliks formeel op.

4.2 Om hiërargies te leer, beteken dat leer op die hoër vlakke daarvan afhang dat die persoon bevoeg raak in die kennis en vaardighede op die laer vlak.

4.3 Een van die ses basiese doelwitte in die psigomotoriese domein is beredeneerde bewegings.

4.4 ’n Waardevolle besinningstegniek is om die vrae ‘Wat?’, ‘Wat daarvan?’ en ‘Wat nou?’ te gebruik.

4.5 Wanneer jy opstelle of navorsingsreferate skryf, is die nie nodig om bronverwysings te gebruik nie.

4.6 Matrose van Portugal het in die 1400’s om die Kaap die Goeie Hoop gevaar, maar het nie daarin belanggestel om ’n kolonie te vestig nie.

4.7 Aanneming is die proses waarvolgens jy iemand anders se kind sonder ’n wetlike proses in jou huis inneem.

4.8 Berading is die raad en ondersteuning wat ’n berader aan ’n persoon gee wat probleme het.

4.9 Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is verantwoordelik vir die monitering van bevolkingstendense en om steun te bied.

4.10 Geen burger mag van burgerskap ontneem word nie.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen *besinning-oor-aksie* en *besinning-in-aksie*. (2 × 3) (6)

5.2 Noem die VIER lae van die ekologiese stelsels-teorie en gee EEN voorbeeld van elk. (4 × 2) (8)

5.3 Noem die verskillende lewensfases.

5.3.1 2 tot 6 jaar

5.3.2 65^{+}

5.3.3 20 tot 40 jaar

5.3.4 6 tot 11 jaar

5.3.5 12 tot 19 jaar

5.3.6 Geboorte tot 2 jaar

(6 × 1) (1)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Me Zondo is die Graad 1-leerders se onderwyser. In haar klas is Sam, 'n baie goeie atleet, Tasha, 'n baie spraaksame dogtertjie, en Peter, wat baie goed daarmee is om getalle te herken. Die leerders is baie uiteenlopend. Sarah hou van sing en het met klavierlesse begin. Dan is daar David wat twee honde, 'n kat en 'n gryspapegaai het. Hy is lief vir al sy diere.

Dit is duidelik dat hierdie vyf leerders verskillende intelligensie-areas het.



www.getty images

Gebruik die onderstaande tabel om meervoudige intelligensies uit die gevallestudie te identifiseer en gee 'n geskikte beroep vir elkeen. Skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

LEERDER	Naam van intelligensie	Watter beroep pas by die leerder?
Sam	6.1.1	6.1.2
Tasha	6.1.3	6.11.4
Peter	6.1.5	6.1.6
Sarah	6.1.7	6.1.8
David	6.1.9	6.1.10

(10 × 1) (10)

6.2 Wat is wanvoeding? (4)

6.3 Noem SES groente en vrugte wat ryk aan vitamien C is. (6)

6.4 Verduidelik hoe die volgende voedingstowwe breinfunksie beïnvloed.

6.4.1 Antioksidante

6.4.2 Omega-3-vetsure

6.4.3 Koolhidrate

6.4.4 Suiker


6.4.5 Poli-onversadigde vette

(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 7

Bloom se taksonomie is ontwikkel om 'n gemeenskaplike taal vir onderwysers te bied om leer- en assesseringsmetodes te bespreek en uit te ruil.

7.1 Noem die SES basiese komponente van Bloom se taksonomie.



(6)

7.2 Noem TWEE werkwoorde wat jy vir elke komponent van Bloom se taksonomie kan gebruik.

(6 × 2) (12)

7.3 Mense het bevoegdhede in verskillende areas.

Gee VIER bestuursbevoegdhede. (4)

7.4 Besinnende ('reflective') praktisyns moet hulle tot hul etiese verantwoordelikhede verbind.

Noem TWEE van hierdie verantwoordelikhede. (2 × 2) (4)

7.5 Na jou mening, waarom moet jy bronverwysings gebruik wanneer jy navorsing doen?

(2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 8

8.1 Verduidelik die volgende in jou eie woorde:

8.1.1 Samelewing

8.1.2 Gemeenskap

8.1.3 Maatskaplik/Sosiaal

(3 × 2) (6)

8.2

Witskrif 6 is 'n dokument wat deur die staat gepubliseer is wat spesifieke probleme of vraagstukke behandel wat die hele samelewing raak. Hierdie witskrif handel oor spesiale behoeftes in onderwys.

Noem spesiale behoeftes in onderwys. (8)

8.3 Watter voordeel hou die kritieke kruisveld- en ontwikkelingsuitkomste vir studente in hul daaglikse lewens en studies in die algemeen in? (4 × 2) (8)

8.4

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gee ondersteuning aan die provinsiale departemente van maatskaplike ontwikkeling om programme te implementeer. Daarna word die programme gemonitor en geëvalueer om vas te stel of dit suksesvol is.

Bespreek hoe die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling dienste in hul onderskeie provinsies lewer. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 9

9.1

Dit duur lank vir die brein om te ontwikkel. Soos die brein ontwikkel, raak 'n bepaalde leerfokuspunt duidelik. Dit stem nie presies met bepaalde ouderdomme ooreen nie.

Voltooi die tabel deur die ouderdomme of leerfokuspunte hier onder in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (9.1.1– 9.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

OUDERDOM	**LEERFOKUSPUNT**
4 maande	**9.1.1**
9.1.2	Babas kan 'n bal stoot om dit te laat rol.
12 tot 18 maande	**9.1.3**
9.1.4	Die kinders se gedagtes raak abstrak en hulle fokus minder op die werklikheid.

(4 × 2) (8)

9.2 Hoe interpreteer jy die hoogste vlak van Maslow se teorie?

(2 = naam van vlak
4 × 2 = interpretasie) (10)

9.3 Watter doelwitte wil jy in die lewe bereik? (4)

9.4 Watter gebeure het in die onderstaande jare of dag in die Suid-Afrikaanse geskiedenis plaasgevind?

9.4.1 1976

9.4.2 2 Februarie 1990

9.4.3 1993

9.4.4 1996

(4 × 2) (8)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou